Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Sondag 35
Tweede gebod
Dr AH Bogaards

Lees: 1 Konings 13

Teks: 1 Konings 13:17,18

H.K.: Sondag 35

Psalms: Ps 97:1,4; Ps 97:6.7; Ps 86:6; Ps 106:1,2; Ps 106:8,9,20

1. Inleiding.

In die tweede gebod gaan dit oor God se beeld, oor Christus.

Is ons tevrede met daardie Beeld?

Van nature is ons nie. Ons buig liewer voor ons eie, selfgemaakte beeld neer as voor Christus.

Ek staan met u stil by die volgende:

1. Ons drogbeelde;

2. God se beeld;

3. God se oordeel oor ons beeldediens; en

4. Die Woord alleen leer ons God se beeld ken

2.1. Ons drogbeelde

Ons maak nie meer beelde van God nie. Ek bedoel maar: ons mense van die twintigste eeu het nie 'n beeld van 'n kalf in ons tuin of in ons sitkamer, waardeur ons die lewende God probeer afbeeld nie. Wie dié afgodsbeelde vandag wil sien, moet na die museums toe gaan: daar kan ons nog beelde van afgode sien, beelde wat deur argeoloë opgegrawe is. Maar ***beelde van klip en steen***, nee, dit vervaardig die moderne mens nie meer nie.

Inderdaad, beelde van goud en silwer ken ons nie meer nie. Maar dit beteken nie dat ons nie beelde het en ons nie skuldig maak aan beeldediens nie. Weet u wat se beelde het ***ons***? ***Denk*-beelde**!

Denk-beeld - in ons denke, d.w.s. in ons gedagtes, in ons kop, maak ons vir onsself 'n voorstelling van God. In ons verstand produseer ons vir onsself 'n god waarvan ons hou. Ons maak God ***soos <u>óns</u> Hom wil hê***. Ons hou nie van die beeld wat in die Bybel aan ons van God voorgehou en hoe Hy daar vir ons geteken word nie. Daar is dinge in die Woord, eienskappe en trekke van God, waarvan ons nie hou nie. DAAROM vervaardig ons in ons denke 'n beeld van die HERE waarvan ons wel hou:

1. Van nature ***hou ons nie van die evangelie*** nie. Paulus sê dit in alle duidelikheid in Galasiërs 1:11: die evangelie is nie na die mens die. Die mens – dit is die mens in die algemeen. Ons wil nie van genade alleen, van die soenverdienste van Christus alleen leef nie. Ons wil almal tog ‘n bydrae lewer.

2. Ons ***hou nie van die beeld van 'n God wat uitverkies en uitverkies in Christus alleen*** nie. Die leer van die uitverkiesing staan ons nie aan nie. Dit gaan teen ons grein in. Dit stoot ons af dat God, nog lank voordat ons vir Hom kon kies, vir ons gekies het. Dit is vir ons 'n onverdraaglike gedagte dat Hy dit gedoen het sonder om iets in ons in aanmerking te neem: ons goeie dade of ons vroomheid of wat ook al. Ons hou nie van die leer van enkel en alleen genade nie. Dit kraak ons ego af. Ons wil self ook iets bydra tot ons saligheid. Daarom trek ons 'n streep deur die Bybelse beeld, die beeld van 'n verkiesende God en ons ontwerp 'n beeld van 'n God wat wil hê dat ons halfpad na Hom toe sal loop. En voor daardie beeld buig ons ons neer en daardie afbeeldsel propageer ons.

3. Ons hou ook nie van die beeld van die Bybel dat God ***'n God is wat toorn*** teen ons sondes en dit nie ongestraf laat nie. Op alle moontlike maniere probeer ook die hedendaagse mens daardie beeld in puin slaan en sy eie beeld van God oprig. Moderne teoloë doen dit. Hulle sê: die God van die Ou Testament was 'n God van wraak, maar die God van die Nuwe Tetament is een van liefde - en dan trek hulle 'n streep deur die Ou Testament. Ook gewone mense doen dit: ons ken immers die

liewe-Jesus-teologie van ons tyd, nie waar nie? So rig ons ons eie beeld van Jesus op. Maar dat Jesus self die Ou Testament geskrywe het en dat Hy daarin optree teen die sonde en dit straf, dit wil ons nie meer sien nie. Die hedendaagse kerkmens wil dit nie meer sien dat ons in die Nuwe Testament eerder 'n verswaring van die verbondsstraf kry in vergelyking met die Ou Verbond nie. Die moderne gelowige het blind geword vir die boodskap van die Nuwe Testament dat Christus eenmaal weerkom, nie as Lam nie, maar as Regter. Ons vergeet dit liefs, want van daardie Godsbeeld hou ons nie.

MAAR genoeg van ons eie, selfgemaakte drogbeelde! God is die groot en enigste beeldmaker.

2.2. God se beeld

Ek bedoel nie dat die HERE regtig 'n beeld van klip en steen van Homself maak nie. Nee, maar Hy vertel ons hoe Hy is en wat Hy doen. Dit doen Hy in die Bybel. In sy Seun het Hy aan ons 'n beeld van Homself gegee. En Hy het gekom, nie om vroom, goeie, liewe mense salig te maak nie, maar om sondaars te red. Kan u aan 'n mooier beeld as dit dink? ***Dít*** is die beeld van ’n God: God wat ***genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid*** is. Dit sê Moses self na die vreeslike sonde met die goue kalf (Ex.34:6-7). Maar Moses sê ook meer: ***dat die HERE die sonde nie ongestraf laat nie***. En uit die Nuwe Testament weet ons dit: eerder as om ons sondes ongestraf te laat, het Hy die straf laat neerkom op sy Seun. Maar daarby moet ons meer sê: die Seun het die straf nie vir almal gedra nie, maar alleen vir die wat hulle tot Hom bekeer en in Hom glo.

Wonderlik hoe die HERE teenoor die goue kalf sy beeld in Ex 34 stel.

En nou is die vraag vandag: is u tevrede met daardie Godsbeeld van die Bybel? Laat ek dit so stel: is u tevrede met Christus en Christus alleen en erken u dat net Hy u red? Want dit is die hart en die kern van die tweede gebod.

En nou begryp ek sommer baie beter wat Kohlbrugge bedoel het, toe Hy gevra het: wat is die vernaamste dankbaarheidswerk? En dan antwoord hy: die geloof! Want wie Hom gelowig werp in die arms van die beeld van God alleen, wie sy heil alleen van die Seun verwag en met sy baie sondes net na Hom te vlug ... dié is dankbaar.

In die tweede gebod hoor ons ook van:

2.3. God se oordeel oor ons beeldediens

Hy is ’n jaloerse God. Hy verdra geen beeldediens nie. Hy verdra dit nie dat ons sy Seun nie eer nie.

In 1 Konings 12 en 13 kry ons die geskiedenis van Jerobeam se oprigting van beelde, goue kalwers. Dit was nie Jerobeam se bedoeling om daarmee 'n ander god te vereer nie. Hy wou dus nie die eerste gebod (geen ander gode) oortree nie. Hy maak hom wel skuldig aan beeldediens. Hy is nie tevrede met die Woord alleen, dit wil sê met die beeld van Christus alleen nie. Daarom kom 'n profeet van die HERE na hom toe en spreek die oordeel van God oor die eiewillige godsdiens uit.

Daarop volg 'n stuk geskiedenis waarmee die HERE Jerobeam op nog ***'n tweede, sigbare manier waarsku*** en laat sien hoe gevaarlik dit is om die Woord te verlaat. Die profeet wat in Bet-el die oordeel van die HERE oor die kalwerdiens van Bet-El uitgespreek het, moes, nadat hy sy taak uitgevoer het, onmiddellik teruggaan. Die uitdruklike woord van die HERE aan hom was: "Jy mag daar geen brood eet of water drink nie; jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie" (13:17). 'n Ou profeet sê egter vir hom: "Ek is ook ’n profeet net soos jy, en ***‘n engel*** (LW – ’n engel) het met my gespreek deur die woord van die HERE en gesê: Bring hom terug saam met jou na jou huis, dat hy brood kan eet en water kan drink" (vers 18). As gevolg van sy ongehoorsaamheid aan die Woord word die ongehoorsame profeet deur 'n leeu verskeur. Die lot van die man van God moes vir Jerobeam 'n ernstige waarskuwing wees. Eiewillige godsdiens, afwyking van die Woord, is lewensgevaarlik.

'n Engel van die Here het met my gespreek, het die ou profeet gesê. Juis hierna gryp Paulus in Galasiërs 1:8 terug, wanneer hy skryf: "Maar al sou ons of ***‘n engel*** uit die hemel julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ‘n vervloeking wees!" Paulus waarsku juis die Galasiërs teen dwaalleraars wat met Christus (die Woord) alleen nie tevrede was nie. By Christus se werk moet nog ons werk kom. Ons kan maar sê: Hulle was nie tevrede met die beeld van God, met Christus alleen

nie. Oor sulke beeldvernielers spreek Paulus God se oordeel uit: Laat hom 'n vervloeking wees!

Galasiërs laat ons presies sien wat die sonde van Jerobeam was.

Eiewillige godsdiens is ’n ernstige, ‘n dodelike saak.

2.4. Beeldediens en die Woord alleen.

Ons belydenis rig hom in V/A 98 ***teen die beeldediens van die Roomse Kerk***. Rome wil graag voorgee dat hulle praktyk van beeldediens onskuldig is en eintlik 'n baie nuttige doel dien. Hulle beskou dit as ***die boeke van die leke***. Om dit te verstaan, moet u weet dat die Roomse Kerk 'n onderskeid maak tussen die sogenaamde "***geestelikes***" aan die eenkant en die "***leke***" aan die anderkant. Die "geestelikes" is die biskoppe wat die Bybel bestudeer het. Die "leke" daarteenoor is die gewone lidmate, die mense wat geen godsdienstige of teologiese opleiding gehad het nie. Hulle is dus van 'n laer klas en is nog geestelik onvolwasse. Hulle kan daarom ook nie die Bybel verstaan nie. Vir hulle moet daar dus van beelde gebruik gemaak word soos van prentjies vir kinders.

Daarteenoor antwoord die Heidelberger: ***ons moet nie slimmer as God probeer wees nie***. Hy wil sy christene ***nie deur stom beelde*** nie, maar deur ***die lewende verkondiging van sy Woord onderrig***. Die Bybel en die prediking is bedoel vir die ganse volk van die Here, vir groot én klein, geleerd én ongeleerd. Dit het die Here behaag om almal, volwassenes en kinders, deur sy Woord en deur die prediking van sy Woord te leer.

In Deuteronomium 4:10-19 kry ons ‘n verklaring van die tweede gebod. In daardie gedeelte sê die HERE vir sy volk: Toe Hy sy Wet by Horeb aan hulle gegee het, het hulle ***geen verskyning*** gesien nie. Hulle het ***net die HERE se stem, sy woorde***, uit die vuur gehoor. Daarom waarsku die HERE hulle om nie vir hulle ‘n gesnede beeld te maak nie.

In Handelinge sien ons dit ook: net die Woord alleen. Die dissipels het net gepreek. Dit moet die kerk van alle eeue ook doen, omdat God dit so beveel het (Jer 10:8; Hab 2:18, 19; Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17).

Dit is op grond van God se eie Woord dat ons Kategismus bely: **“... ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die**

lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig." In hierdie belydenis klink die slagspreuk van die Reformasie deur: ***die Woord alleen*** (***sola Scriptura***).

Ja, ons Gereformeerdes het nie beelde in ons kerke nie: 'n beeld van Maria en 'n beeld van 'n gekruisigde Christus nie. Maar nou moet u nie dink dat ons ons nie skuldig maak aan ***dieselfde eiewillige onderrig as Rome*** nie. Ek noem vir u twee voorbeelde van eiewillige onderwys om aan u die teendeel te bewys:

1. Ek dink *eerstens* aan ***Kinderbybels*** met prentjies van Jesus daarin. Ons argument t.g.v. hierdie prentjies is dat dit die kinders help om die evangelie te verstaan. Hulle kan nog nie die Woortd verstaan nie. Daarom gee ons hulle prente. Of sal ons dit maar reguit sê: beelde. Maar ook vir ons sê die Kategismus: ons moet nie wyser as God probeer wees nie. Hy wil ook ons kinders nie op 'n ander manier as deur die lewende prediking van sy Woord onderrig nie.

2. -'n *Tweede* vorm van eiewillige onderrig wat ook in sekere Gereformeerde Kerke in ons land kop uitsteek, is die sogenaamde ***kinderdienste***. Gemeentes wat dit voorstaan, argumenteer dat kinders die preke tog nie kan verstaan nie. Daarom word hulle uit die diens geneem en iemand anders, 'n juffrou of so, vertel vir hulle 'n eenvoudige verhaal uit die Bybel, terwyl die grootmense na die preek van die dominee luister.

   Dit klink vroom, maar dit is nie. Eerstens word hulle ***weggeneem van die gesant van die Here*** wat deur God self gestuur is om ook vir die kinders te preek. Tweedens kom hierdie wanpraktyk neer op 'n ***onderskatting van die werk van die Heilige Gees***: Want die Gees is die almagtige God wat deur die middel van die prediking ook klein kinderhartjies kan bereik. Derdens lees ons ***nêrens in die Bybel v***an so iets nie. Ons moet dus nie slimmer as God probeer wees wat deur die prediking ook die jeug van sy volk wil bereik nie.

3. Slot.

Die tweede gebod is een van die mees verwaarloosde gebooie in ons tyd. Laat ons tog erns maak van die wyse waarop ons God dien. Want dit raak ons ewige verlossing. Dit is nie sommer bysaak nie. Boonop is dit deel van 'n ware dankbaarheidslewe.

AMEN